

Mediaverklaring

**Vereniging vir Spaar en Belegging in Suid-Afrika (ASISA)
3 Februarie 2010**

Kan jy regtig die hoë prys van kontant byderhand bekostig?

Vyf jaar gelede het die direkte beleggings van individuele beleggers sowat 19% van beleggings in effektetrustfondse uitgemaak. In 2009 is byna 28% van beleggings deur individue gemaak sonder die betrokkenheid van 'n finansiële adviseur.

Peter Dempsey, adjunk- uitvoerende hoof van die Vereniging vir Spaar en Belegging in Suid-Afrika (ASISA), sê die feit dat meer beleggers bereid is om beleggingsbesluite sonder die bystand van 'n finansiële adviseur te neem nie beteken dat dié beleggers kansë waag nie. Dit kom intendeel daarop neer dat die meerderheid van beleggers wat direk belê eenvoudig hul spaarkontant in geldmarkfondse belê.

Hy sê dit het ongelukkig daartoe gelei dat baie beleggers nie voordeel getrek het uit die goeie vertoning van aandeelfondse nie. Algemene aandeelfondse het in die vyf jaar wat op 31 Desember 2009 geëindig het 'n gemiddelde jaarlikse opbrengs van 16,2% gelever. Die gemiddelde vyfjaaropbrengs van geldmarkfondse het 8,8% per jaar beloop.

“Geldmarkfondse is ideaal geskik vir die spaar van beleggings wat in noodgevalle nuttig aangewend kan word. Dit kan ook benut word om belasting- of skoolgeld tydelik te belê of vir 'n enkelbedrag wat in die aandeelmark ingefaseer gaan word,” verduidelik Dempsey. “ Geldmarkfondse sal egter nooit opbrengste verskaf wat op lang termyn inflasie klop en dus die belegger in staat stel om vir kinders se universiteitsopleiding te betaal, die verband vroeg af te los of gemaklik af te tree nie.”

Dempsey sê hy wil nie voorspraak daarvoor maak dat die belegger al sy of haar geld in aandeelfondse belê nie. Aandeelfondse is egter 'n belangrike komponent van 'n goed gebalanseerde en gediversifiseerde beleggingsportefeulje. Hy sê beleggers moet al die boustene - aandele, verbande, eiendom en kontant - by hul portefeuljes insluit om uiteindelik opbrengste te verkry wat inflasie deeglik klop.

Hy erken dat dit onmiddellik die risikoprofiel van die beleggingsportefeulje verhoog, maar wys daarop dat die belegger bereid moet wees om 'n hoër risiko te loop ten einde die potensiaal vir hoër opbrengste te verhoog.

“Die verhoogde risiko gaan egter gepaard met 'n uitgestrekte beleggingstydperk van vyf jaar of langer. Dit is waarom dit so belangrik is om op lang termyn te belê sonder om onder druk te wees om die geld op 'n spesifieke tyd in die toekoms te onttrek. Hoe langer die beleggingshorison is, des te meer tyd het die belegger se portefeulje om van onbestendige tydperke te herstel.”

Dempsey sê aandele het met verloop van tyd bewys dat dit uiteindelik altyd beter as alle ander bateklasse presteer.

Hoe om 'n wenportefeulje saam te stel

Die wenke wat die belegger om die vleisbraai van vriende en familieëde ontvang, sal nie help om 'n wenportefeulje saam te stel wat aan sy of haar behoeftes voldoen nie, sê Dempsey.

“Net soos 'n mens 'n spesialis sal raadpleeg voordat jy 'n operasie ondergaan, sal dit verstandig wees om die bystand van 'n gekwalifiseerde finansiële adviseur te verkry voordat jy jou geld aan 'n beleggingsmedium toevertrou.”

Dempsey sê die werklikheid is dat daar 'n verbysterende meer as negehonderd effektetrustfondse is waaruit gekies kan word, buiten nog die talle ander beleggingsmediums soos uitkeer- en uittreeannuïteitsfondspolisse. Hy voeg by dat 'n gekwalifiseerde finansiële adviseur in staat sal wees om die belegger te help met die keuse van die beleggingsmediums wat die beste aan die persoonlike behoeftes en risikoprofiel sal voldoen.

Indien die belegger egter verkies om sonder die hulp van 'n finansiële adviseur te belê, moet die insluiting van plaaslike batetoewysingsfondse in die portefeulje oorweeg word. 'n Batetoewysingsfonds is 'n aktief bestuurde fonds wat diversifikasie oor die aandeel-, verband-, geld- en eiendomsmarkte binne een fonds bied. Fondse wat van lae tot hoë aandeelblootstelling wissel, is binne die batetoewysingsfondsklas beskikbaar.

Dek alle moontlikhede

Indien u beleggingsportefeulje aan u slapelose nagte besorg en daartoe lei dat u die prestasie daarvan gereeld moet nagaan, kan u seker wees dat u portefeulje nie saamgestel is om u te help om u finansiële doelwitte te verwesenlik nie, sê Dempsey.

“Tydperke van onstabiliteit behoort u glad nie te ontstel indien u spaarkontant op lang termyn belê het nie. Indien u egter 'n waagstuk aangegaan en u belastinggeld in aandele belê het, behoort u bekommerd te wees.”

Dempsey sê die volgende goue reëls moet toegepas word indien u met welslae wil belê:

- Dek u risiko's eerste. Maak seker dat u oor genoegsame lewens- en ongeskiktheidsdekking asook dekking ten opsigte van mediese bystand beskik voordat u begin om te belê. Ideaal gesien, behoort u ook u bates deur middel van korttermynversekering te verseker.
- Ruim u skuld uit die weg of verminder dit so goue as moontlik. Die rente wat op u verband, finansiële plan vir u voertuig en kredietkaartskuld gehef word, is in baie gevalle hoër as die opbrengste wat medium- tot laerisikobeleggings bied.
- Spaar genoeg geld om enige toekomstige finansiële noodgevalle die hoof te bied en belê die geld in 'n beleggingsmedium soos 'n geldmarkfonds wat hoë rente oplewer.
- Belê spaarkontant vir 'n minimumtermyn van vyf jaar, maar verkieslik vir minstens tien jaar.
- Moenie beleggingsbesluite neem wat op vrees gegrond is nie. Dit is ongelukkig so dat vrees steeds die beleggingstrategieë van baie beleggers oorheers wat voortgaan om aandele op die onderpunt van die siklus te verkoop en dan genoeg moed bymekaarskraap om weer te koop wanneer aandele hul verliese herwin en 'n mate van groei bewerkstellig het.

Wie kan ek vertrou?

Indien u gereed is om verder as geldmarkfondse met u spaarkontant te waag en dit graag met die hulp van 'n finansiële adviseur wil aanpak, moet u vriende of familieledes vra om 'n finansiële adviseur aan te beveel wat hulle vertrou.

'n Goeie finansiële adviseur sal 'n volledige behoefte-ontleding en 'n omvattende oorsig van die voorgestelde beleggingsportefeulje aan u verskaf. U sal weet dat u in goeie sorg is indien die adviseur aan u gedetailleerde inligting verskaf wat tog maklik is om te verstaan en geen druk op u uitoefen om u tot enigiets te verbind voordat u heeltaltemal gemaklik voel nie. 'n Goeie adviseur sal ook alle koste aan u openbaar, insluitende die kommissie wat betaalbaar is.

Ten einde uitstekende opbrengste op lang termyn te bewerkstellig, sal u adviseur 'n beleggingstrategie aan die hand doen wat die volgende benaderings sal insluit:

- Behoorlike diversifikasie oor die bateklasse: aandele, verbande, eiendom en kontant.
- 'n Mengsel van bateklasse en fondse wat aan u langtermynbehoefte en risikoprofiel voldoen.
- 'n Langtermynonderneming om die strategie gestand te doen.
- Begrip daarvoor dat dit tyd in die mark is wat al die verskil maak.

Dempsey sê u moet ook 'n gekwalifiseerde finansiële adviseur raadpleeg voordat u u beleggings opgee omdat u nie u huidige strategie vertrou nie. Dit is nie so 'n slegte gedagte as u dalk dink nie, voeg hy by. Daarby lei paniekbevange besluite dikwels daartoe dat beleggers skynverliese materialiseer terwyl die voortsetting van die belegging die beter benadering sou wees.

Einde

Vir die reël van onderhoude, kontak asseblief:

Lucienne Fild
Onafhanklike Kommunikasiekonsultant
082 567 1533
lucienne@mweb.co.za

Uitgereik namens:

Peter Dempsey
Adjunk- Uitvoerende Hoof
Vereniging vir Spaar en Belegging in Suid-Afrika (ASISA)
(021) 673 1620

ASISA verteenwoordig die meerderheid van Suid-Afrika se batebestuurders, bestuursmaatskappye van kollektiewe beleggingskemas, diensverskaffers van gekoppelde beleggings, multibestuurders en lewensversekeringsmaatskappye. ASISA is in 2008 in die lewe geroep deur lede van die Vereniging van Kollektiewe Beleggings (ACI), die Beleggingbestuursvereniging van Suid-Afrika (IMASA), die Diensverskaffersvereniging vir Gekoppelde Beleggings (LISPA) en die Vereniging van Lewensversekeraars (LOA).